WEEK 38 | 2 OKTOBER | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

>>> BLADSY 2

Heilbronn het 'n naamgenoot

Na aanleiding van 'n fontein is die dorp "Bron van Heil", oftewel Heilbron genoem, amper soortgelyk aan die Heilbronn in Duitsland.

>>> BLADSY 6

Heilbron Matriekafskeid

Daar is heerlik geëet, gekuier, gedans en gesels – beslis gesorg vir 'n "onthou-aand" in elke graad 12 se dagboek.

>>> BLADSY 7

Willie Vermaak oorlede

Hy was lief vir die dorp en sy mense en is in 1981 tot Burgermeester van Heilbron verkies.

EERSTE SOMERREËN IS HIER

Weermodelle wys dat vanjaar moontlik 'n bogemiddelde reënval jaar kan wees. 'n Aktiewe La Nina stelsel is goeie nuus vir boere. Die verandering in seetemperatuur en weerstoestande in die Stille Oseaan kan tot ten minste einde van die jaar voortduur, sê die weerkenners. Die La Nina stelsel veroorsaak dat die kans verhoog van 50% tot 80% dat droogtetoestande oor Suid-Afrika die komende somer kan breek. Boere voorspel in hul binnekring dat die plantseisoen vanjaar vroeër gaan wees en sien almal uit na die positiewe tekens op die horison. Graan- en veepryse is tans gunstig. Mnr Johan van den Berg, landboukundige, sê dat weermodelle wys dat goeie neerslae verwag word vanaf November tot April 2021. Volgens die voorspelling op YR weer-toep kan die neerslag nog tot more voortduur. Die foto is Donderdag geneem tussen Heilbron en Frankfort. Deel gerus julle foto's op Heilbron Herald se Facebookblad.

APK VLAKVARKE

Heinrich Venner het Saterdagoggend die bostaande foto van die vlakvarke afgeneem by die Afrikaanse Protestantse Kerk in Heilbron. Die varke het vanuit die veldjie la ngs die skoolgronde gekom en dit lyk of hulle oppad is na die Vegkop uitbreiding vir hulle Daaglikse Brood, of dalk net die immergroen plante van die inwoners se tuine.

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings skakel Piet Boshoff : 083 210 7135

Posbus 220, Frankfort 9830 | Tel: 058 813 1071

E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

www.bkb.co.za

Reg. No. 2005/026173/07

Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!

HEILBRONN HET 'N NAAMGENOOT IN SUID-AFRIKA - EEN MET LEEUS EN 'N CHIPSFABRIEK

'n Artikel deur die Redakteur van die Heilbronner Stimme, Carsten Friese. Vertaling deur prof. Elizabeth Hentschel – September 2020

24 REGION

HEILBRON

Welkom in

Namensschwester mit Löwen und Chipsfabrik

'n Heilbron wat met net één 'n' geskryf word, 'n dorp met 'n inwonertal van ongeveer 27 000, geleë in Suid-Afrika op die hoëveld en in die nabyheid van die Vaalrivier? Vir baie inwoners van Heilbronn in Duitsland mag dit na 'n onbekende, taamlik eksotiese plek klink.

Vir Ursula Brenner, die voorsitter van die Volkstanzkreis Heilbronn, is Heilbron op die Afrika-kontinent 'n besondere plek waaraan sy baie herinneringe en groot betekenis heg. Sy het dié dorp, 'n goeie 10 000 km vanaf haar heimat, reeds ongeveer tien keer besoek.

Eintlik het die 81-jarige Ursula Brenner beplan om aan die begin van die jaar weer soontoe te reis om die goue bruilof van 'n vriendin by te woon, maar die Corona-krisis het 'n stokkie voor haar planne gesteek. Op daardie stadium het streng inperkingsmaatreëls die lewe in Suid-Afrika oorheers. Ursula het intussen verneem dat baie besighede hulle deure moes sluit, dat baie mense hul werk verloor het, dat honger toeneem en dat bedelary op straat geen ongewone gesig is nie.

'n Borrelende fontein. Heilbron is in 1873 gestig. Na aanleiding van 'n fontein in die omgewing is die dorp "Bron van Heil" oftewel Heilbron genoem, dus amper soortgelyk aan die naamgewing van die stad Heilbronn in Duitsland. In Heilbron is daar amper niemand wat Duits kan praat nie, maar vir Ursula Brenner is dit geen probleem nie. Haar heel eerste kennismaking met Suid-Afrika was in 1967 as lid van 'n volksdansgroep wat deur die land getoer het. Uiteindelik het sy twee jaar lank hier gebly, as opgeleide bankklerk gewerk en Afrikaans leer praat.

Die Eeufeesviering. Dit was eintlik per toeval dat Ursula Brenner op een van haar rondreise aan die einde van die sestigerjare by Heilbron, destyds nog 'n klein dorpie, uitgekom het. Sy het betrekkinge met Heilbron opgebou, o.a. met die dorpsowerhede. Met die Eeufeesviering van Heilbron in 1973 het die stadsraad van Heilbron die destydse hoofburgemeester van Heilbronn, Herr Dr. Hans Hoffmann, en die hoofredakteur van die Heilbronner Stimme, Herr Werner Thunert, genooi om Heilbron in die Vrystaat, destyds nog bekend as die Oranje-Vrystaat, te besoek. Volgens 'n berig wat Herr Thunert later in die Heilbronner Stimme geplaas het, is die Duitse eregaste met "buitengewone hoflikheid, vriendelikheid en welwillendheid welkom geheet en ontvang". In sy beskrywing van Heilbron het hy die landelikheid beklemtoon, 'n dorp omring met reusegroot mielie- en graanlanderye asook bees- en skaapboerderye – 'n omgewing wat min of geen ooreenkoms met die stad Heilbronn am Neckar toon.

'n Susterskap oftewel vennootskap tussen die twee naamgenote, Heilbron in Suid-Afrika en Heilbronn in Duitsland, het egter nie tot stand gekom nie. Ursula Brenner vind dit jammer, maar waarskynlik was die Suid-Afrikaanse naamgenoot ietwat te klein vir die stadsvaders van Heilbronn in Duitsland. Intussen het Heilbron, die een met net één 'n', egter heelwat gegroei en beskik selfs oor klein industrieë, o.a. 'n fabriek wat aartappelskyfies vervaardig.

'n Besondere aantreklikheid naby Heilbron is 'n privaat leeuplaas. 'n Plek in Heilbron wat Ursula Brenner besonder na aan die hart lê, is die NG Kerk, wat sy as 't ware as 'n kleiner weergawe van die Kilianskirche in Heilbronn ervaar.

Ursula het Suid-Afrika al 'n hele paar keer saam met die Volkstanzkreis besoek en saam met hulle in tradisionele drag opgetree met die uitvoering van verskillende danse soos die Beierse polka, die "Holsteiner Dreitour" en die "Webertanz". Op hulle beurt het verskeie inwoners van Heilbron besoek in Heilbronn am Neckar afgelê. Tot vandag toe het Ursula Brenner vriendskaplike bande met 'n klomp Suid-Afrikaners, o.a. met die dogter van die eertydse burgemeester wat die Eeufees van Heilbron gereël het.

Heilbron se stadswapen is versier met 'n smal band wat die inskripsie dra: Animo et Fide – moed en vertroue. Sonder verdere direkte kontak met die dorp Heilbron in Suid-Afrika sou dit vir Ursula Brenner voel asof daar 'n leemte in haar lewe is. Weens die Corona-krisis is daar egter tans geen vooruitsig op 'n spoedige weersiens nie.

Heilbronns gibt und gab es auf drei Kontinenten

DUITSE VOLKSDANSERS BESOEK HEILBRON

Berig saamgestel deur Elizabeth Hentschel. 20 Oktober 2014

'n Duitse volksdansgroep, die Volkstanzkreis Heilbronn, het onlangs deur Suid-Afrika getoer. Die doel van vanjaar se besoek was spesifiek om deel te neem aan die eeufeesvierings van die Afrikaanse Volkspelebeweging wat gedurende die naweek van 10 Oktober feestelik afgesluit is met 'n groot saamtrek van volkspelelaers in Bloemfontein.

Op Maandag 13 Oktober het die Duitse volksdansgroep en 'n klompie volkspelers Heilbron aangedoen en die Weltevrede Leeuplaas besoek waar 'n ontvangs vir hulle gereël is deur mev Quarta Pretorius. Die geleentheid is ook bygewoon deur prof. Elizabeth Hentschel wat die gaste in Duits en Afrikaans verwelkom het. Na afloop van die verrigtinge het die leidster van die Duitse dansgroep, Ursula Brenner, 'n woord van hartlike dank gespreek – op haar beurt ook in Duits en Afrikaans.

Die bande tussen Heilbron in Suid-Afrika en Heilbronn in Duitsland strek so ver terug as Oktober 1973 toe die destydse hoofburgermeester, dr. Hans Hoffmann, en die hoofredakteur van die Heilbronner Stimme, Herr Werner Thunert, die eeufeesvierings van Heilbron bygewoon het. Laasgenoemde was so beïndruk met die persdekking van die gebeure deur mnr Tom Watson dat hy by 'n latere geleentheid 'n medalje aan hom oorhandig het.

Die handhawing van die verbintenis tussen Heilbron en Heilbronn is te danke aan inisiatiewe aan beide kante. Plaaslik het die destydse burgermeester, mnr Herman Roets, en later dr MN Hermann baie gedoen om die kulturele bande met Duitsland te verstewig, terwyl mev Quarta Pretorius telkens die ontvangs van Duitse besoekers gekoördineer het. Aan die Duitse kant was dit dr Hoffmann en later sy opvolger, dr Manfred Weinmann, wat gesorg het vir die voortsetting van die verbintenis. Dis egter veral die inisiatiewe van me Ursula Brenner wat daartoe bygedra het dat die kulturele betrekkinge tussen die twee lande behoue bly, veral met die gereelde besoeke van die Duitse volksdansgroep aan Suid-Afrika.

Ursula het 'n lang verbintenis met Suid-Afrika. Sy het Suid-Afrika vir die eerste keer in 1967 besoek as lid van 'n Duitse volksdansgroep wat deur die land getoer het. Na afloop van die toer het sy in Pretoria agtergebly waar sy vanaf Maart 1967 tot November 1968 'n betrekking beklee het by die destydse Volkskas. Tydens haar verblyf het sy baie vriende gemaak, o.a. met dr Samuel Pellissier, die stigter van die Volkspelebeweging, en sy eggenote Judith. Ursula het aktief deelgeneem aan kulturele aktiwiteite en ook Afrikaans geleer met behulp van 'n kursus by die destydse TEK en elke Donderdagmiddag aan huis van die Pellissiers. Na haar terugkeer na Duitsland het sy Suid-Afrika nog dikwels besoek, soms privaat, in 1989 as as beoordelaar by die Eisteddfod – 'n groot eer vir haar – en andersins as lid van die volksdansgroep. Sedert 1995 tree sy op as leidster van die Volkstanzkreis Heilbronn. Met die afsluiting van die 2014-toer het sy haar uittrede as leidster aangekondig, maar sy sal steeds daarna streef om die vriendskapsbande tussen Heilbronn en Heilbron te bevorder. Tydens die kuier op die Leeuplaas het haar mededansers ook reeds bevestig dat hulle Suid-Afrika en spesifiek Heilbron graag weer wil besoek.

Viva Heilbron! Viva Heilbronn

SPAR

PLAASLIK EN TROTS

WEN GRATIS KRUIDENTERSWARE VIR 'N JAAR

2 gelukkige kiante sal elke maand, SPAR-koopbewyse tot waarde van R5000 ontvang

Kompetisie begin 8 September 2020 en eindig 4 Oktober 2020.

SPAR

SOOS OP TV

Kellogg's Graanvlokkies 750 g

Premieprys R42.99

Kry 'n ekstra R3 af

Rewards-klante betaal R39.99

MEGA-WINSKOOP

Jacobs Krönung Rich Aroma of Gold Kitskoffie (200 g) of Sagtepak (250 g) (Kafeienvry uitgesl.)

Premieprys R74.99

Kry 'n ekstra R5 af

Rewards-klante betaal R69.99

SOOS OP TV

SPAR Langlewe Melk Volroom, 2% Laa-Vet of Afgeroom 6 x 1 liter

6 x 1 L

69.99 per pak

MEGA-WINSKOOP

SPAR Butcher's Best Rug-, Maer-, Strepe-, Blad-, Blokkiespek of Hoenderrepies 200 g

23.99 per pak

MEGA-WINSKOOP

SPAR Southern Style Krummelhoender Repies, Happies, Vlerkies of Filette of SPAR Krummel-Schnitzel 500 g

39.99 per pak

*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk/multi-kopie/kombo wat hier vertoon word.

Beskikbaar by die SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) vanaf 29 September tot en met 4 Oktober 2020, terwyl voorraad hou. Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. Nie beskikbaar in die Uprington of Kleinmond area, KwaZulu-Natal, die Lowveld of die Noord- en Oos-Kaap nie. Tv produkte sentraal beskikbaar. Prijse sluit BTW in.

UIT DIE PEN

WEEK SEWE-EN-TWINTIG

Uiteindelik kon die familie 'n lekker groot kuier deurwerk. Sommer twee van hulle oor die langnaweek. Sommige van ons het mekaar in Februarie laas gesien en die kinders het sommer oornag (wel, dit voel so) grootgeword. Markus kon net "vier" sê toe ons hom laas gesien het. Nou gesels hy lekker. Amilé se hare het lank geword en sy spog deesdae met ekstra lang bene en 'n voorliefde vir tutu 's. Joah, die baba, se blonde haredos is vol krulle en hy verstaan alles wat gepraat word, al is hy nog nie twee jaar oud nie. Hy hardloop waar hy wil wees en gee oopbek-sestand kraailaggies.

Dit was 'n voorreg vir dié drie rakkers om weer hulle oumagrootjie te sien, alhoewel Joah effens skrikkerig was vir die ouma wat nie sy regte egte ouma is nie, maar tog as "ouma" aangespreek word.

Markus het, soos 'n plaaskind, sommer kaalvoet opgedaag, Amilé het pragtige dogtertjieskoene aangehad en Joah sy staptekkies. Te dierbaar.

Gepraat van skoene. Ferdinand Marcos en sy vrou, Imelda, was die presidentspaar van die Filippynse eilande vanaf November 1965. Toe oom Ferdinand in 1981 vir die soveelste keer herkies is, het hy aangekondig dat hy aan lupus ly. Tannie Imelda sien toe die gaping, en sy begin deur oom Ferdinand regeer. Sy help haarself aan allerhande fondse en pleeg grootskaalse korrupsie. Dit klink nogal bekend, nê?

Imelda het die vorige jaar die leier van die opposisie, Benigno Aquino, uit die Filippyne gegooi net nadat hy 'n hartaanval gehad het. Hy het in die VSA gaan herstel en met sy terugkoms in 1983 is hy by die lughawe doodgeskiet. Natuurlik was alle oë op tannie Imelda, want sy het *motive, opportunity and means* gehad om vir Benigno dood te maak.

Benigno se weduwee, Corazon, het tot die stryd toegetree en haar beskikbaar gestel vir die 1986 verkiesing. Sy wen dit, maar tannie Imelda beskuldig haar van verkiesingknoeiery en groot betogings lei tot 'n revolusie. Ferdinand en sy vroutjie besluit sommer self dat hulle eintlik die verkiesing gewen het, en word op 25 Februarie 1986 ingehuldig. Tannie Nagtegaal Imelda sing selfs 'n lied vir die toeskouers. Maar later daardie selfde dag word betogings geweldadig en oom Ferdinand besluit om terug te tree en te bedank. Met of sonder tannie Imelda se goedkeuring.

Die Marcosse vlug Hawaii toe. Glad nie 'n slegte plek om na toe te gaan nie, dink ek. Ongeveer 80 mense vlug saam: werknemers, ondersteuners en familielede. Hulle het darem tyd gehad om die basiese sorgvuldig in te pak: miljoene Amerikaanse dollars, aandelesertifikate, juwele en goudstawe. Laasgenoemde het selfs inskripsies gehad: "To my husband on our 24th anniversary." Gits, ek wonder hoeveel dit haar uit die sak gejaag het. Meeste mans is maar tevrede met nog 'n paar kouse of drie sakdoeke van Pep Stores af.

Die beste deel van die storie was die klerekas van onse tannie Imelda. Volgens Time Magazine het sy 15 pelsjasse, 508 aandrokke, 888 handsakke en ongeveer 1060 pare skoene agtergelaat.

Wat my by hierdie week se glimlagdeel bring: skoene.

Pieter was 'n vriend wat saam met my klas gedraf het by die Universiteit. Ons het, onder andere, saam Plantkunde gedoen. Hy het verwys na mans wat gewoonlik net vier paar skoene nodig het: een paar tekkies, een paar kerkskoene, een paar vellies en plakkies. Dis dit. Maar vrouens, het hy altyd gesê, het verskillende spesies skoene nodig.

Gaan kyk maar hoe lyk jou vrou se skoenekas en vergelyk dit met die man s'n. Ek wed jou.

Die ander dag het ek my kaste reggepak (dit gebeur nie baie nie), want ek was net mooi moeg daarvoor om elke dag na net een skoen te soek. Ek het vas geglo dat my klerekas my skoene, en veral my klere, insluk en wanneer dit eendag uitgespoeg word, is die klere kleiner.

Gistermiddag gaan drafstap ek saam met die honde. Langs my in die gras hardloop kiewiete. Hulle trippel-trippel totdat hulle uiteindelik iewers verdwyn. My Dollieshond wil gaan seker maak dat hulle veilig is, maar ek pluk haar nader aan haar leiband. Sy sal net een hap gee, en dan is die kiewiete ook daarmee heen.

Ewe skielik verlang ek na my ou pa. Hy het gereeld sy kleinkinders se siele uitgetrek oor hulle skoene. Die kleindogter (daar is ongelukkig net een, en sy was altyd die teiken) het in daardie stadium platformskoene gedra. Ou pa het gevra: "Hoe lank het die dokter gesê moet jy nog daardie skoene dra?" Hulle het geweet hulle oupa weet nie baie van mode nie.

Wanneer iemand met dunnerige enkels en bene hoëhakskoene gedra het, het ou pa altyd gesê: "Sy lyk soos 'n kiewietjie wat in patroondoppies getrap het." Hoe dit regtig lyk, sou ek nie weet nie, maar ek kon die prentjie in my kop vorm.

In my eerste jaar as onderwyser het ek vir my twee pare skoene in dieselfde styl gekoop: 'n swart paar en 'n donkerblou paar. Ek het op twee geleenthede (waarvan ek weet) een swart skoen en een donkerblou skoen aangetrek. Ek moet byvoeg: ek is seker die enigste mens wat so iets met selfvertroue kan doen. Ander mense sou nogal redelik ongemaklik gevoel het, maar ek het die geleentheid gevier en 'n storie daarvan gemaak.

My rooikopsussie se rooikopseun was nog 'n kleuter en hy het daarop aangeding dat hy self sy kerkklere aantrek. Mooi broekie, hempie en kouse wat alles bymekaar pas. Die volgende stap was die skoene. Hy het sy keuse gemaak en die skoene aangetrek. Met dom handjies die veters vasgemaak en probeer knoop.

Hy kom groot-glimag aangestap, gereed vir kerk. Maar met paddavoete, want die linkerskoen pryk aan die regtervoet en die regterskoen aan die linkervoet.

"Allie, jy het jou skoene aan die verkeerde voete!"

Allie bars in trane uit.

WEERVOORSPELLING

Sa 3 Okt.	10 / 22	55% kans vir oggendbuie
So 4 Okt.	11 / 23	Sonnig
Ma 5 Okt.	11 / 28	61% kans vir reën
Di 6 Okt.	10 / 27	79% kans vir reën
Wo 7 Okt.	9 / 21	78% kans vir reën

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Celéste** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies) • **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

DIENSTE

Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers. Petrus Steyn,Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com
R

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685 Heilbron
R

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT
Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
JJ Haldestraat 97, Frankfort, 9830
Tel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531
G

WINKELURE
Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30 **Saterdae:** 09:00 - 13:00
Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033

Bez KONSTRUKSIE
Tel: André 082 825 2423
of Manie 082 082 0555
GROND- OF KONSTRUKSIE WERK
Losmaak van grys en herstel van damwalle
23 ton Excavator te huur

KENNISGEWINGS

ESKOM KRAGONDERBREKING - 14 OKTOBER 2020

Soos per brief aangestuur het ons die kennisgewing ontvang dat daar binnekort 'n Eskom kragonderbreking in Heilbron sal wees.

Neem asseblief kennis dat die elektrisiteitsverskaffing na Heilbron onderbreek sal word vir onderhoud by die substasie. Die onderbreking is geskeduleer vir Woensdag, 14 Oktober vanaf 07:00 - 18:00.

Die elektrisiteitstoevoer kan sonder kennisgewing enige tyd herstel word gedurende die onderbrekingsperiode. As gevolg hiervan moet alle elektriese installasies hanteer word as lewendig en gevaarlik.

Hierdie onderbreking is nodig vir jaarlikse onderhoud.

VAKANTE BETREKKING VIR AKTETIKSTER

RICHTER VAN DER WATT PROKUREURS in FRANKFORT beskik oor 'n aktetikster pos en moet die applikant aan die volgende voldoen:

• Moet oor 'n matrieksertifikaat beskik.
• Moet ten volle rekenaarvaardig wees.
• Moet ondervinding hê in aktevervaardiging, opstel van oordragsdokumente en verbanddokumente.
• Vlotheid in Afrikaans en Engels.
• Goeie oordeel en die vermoë om konfidensieel op te tree.
• Moet eie inisiatief kan neem en moet onafhanklik kan werk.
• Moet selfgedrewe en goed georganiseerd wees.
• Moet deeglik, effektief en onder druk kan funksioneer.

Pos beskikbaar vanaf 1 Januarie 2021
CV's kan gestuur word na:
Richter van der Watt Prokureurs
Strydomstraat 11, Frankfort, 9830
Epos: richteraktes@lantic.net
Tel: 058 813 1133
Faks: 058 813 1170

Herald
COOL BUFFS
100% Polyester Prolite Sport Buffs
NOU IN VOORRAAD
R85
*BEPERKTE VOORRAAD BESKIKBAAR

POSTNET HEILBRON
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Elsstraat 42 HEILBRON Tel: 058 853 0006

GiG Technologies (Pty) Ltd
• Alarm Systems • Web Development
• Computer Products • Internet Service
• Computer Repairs • CCTV Installations
Contact us for all your technical needs!
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993
Mail: info@gigtechnologies.co.za
Jenny Wireless Internet
www.Jenny.co.za
087 170 0000

SMALLS

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

TE HUUR

BESIGHEIDSPERSEEL TE HUUR

Ideale spasie vir kantore en besigheidsdoeleindes in die sakegebied van Heilbron.
Netjiese gebou met vyf vertrekke, kombuis, badkamer en onderdak parkering vir twee voertuie.
Tans kantore, maar dadelik beskikbaar teen R7 000 per maand.

Klein kantoor op dieselfde perseel beskikbaar vanaf 1 Oktober 2020 teen R2 500 per maand.
Sluit in een vertrek met 'n toilet.
Kontak André by 082 825 2423 vir enige navrae.
Onderhandelbaar om te koop.

Latest Releases
Late-Nite Video
Heilbron
Die verhaal van Racheltjie de Beer
&
John Wick 1 & 2
Kerkstraat 42 C/42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

HOËRSKOOL HEILBRON MATRIEKAFSKEID

In Griekeland is al die huisies wit en skyn die son in al die strate
Jou helder see weerspieël die strale van die laat dag son
Mooi Griekeland in alle kleure hang blomme aan 'n klein balkon…

Die omstanders se asems is weggeslaan deur die stylvolle Matrieks wat in die mooiste skeppings opgedaag het. Die Matrieks weer se asems is weggeslaan deur die atmosfeer wat die betowerende liggies op Donsveertjie Venue geskep is, net soos die van 'n Griekse eiland. Mnr. Smith het die Matrieks in sy toespraak aangemoedig om elke geleentheid nie net aan te gryp nie, maar om geleenthede in die lewe te soek. Daar is heerlik geëet, gekuier, gedans en gesels tot laat. Die Graad 11 leerlinge, ouers en onderwysers, het beslis gesorg vir 'n "onthou-aand" in elke graad 12 se dagboek van herinneringe.

STANDBEELDE SLEGS ERKENNING VIR DADE?

In Nieu-Seeland, die All Blacks se rugby land – die burgers het ook teen die boerenasie in die Anglo Boere-oorlog geveg – word erkenning gegee aan die manskappe wat hul lewens prysgegee het in die oorlog.

Het hierdie week 'n foto onder oë gehad van 'n manskap, Fred Wylie, wat op 26 Mei 1901 sy lewe verloor het op die plaas Klipfontein, vermoedelik in Ermelo distrik. Daar is 'n standbeeld in die Sanatorium Tuine in Rotorua, Nieu-Seeland in sy nagedagtenis opgerig.

Fred was woonagtig in Galatea (76 km Suid-oos van Rotorua) toe hy aangesluit het by die "Rough Riders" afdeling om deel te neem aan die Anglo Boere-oorlog. Hy was 23 jaar oud. Die "Rough Riders" was bekend as goeie skuts en opgelei as goeie perderuiters. Hy het ook sy eie perd gehad.

Fred se oorlog het begin met hul aankoms in Durban-hawe op 5 Mei 1900. Dit was redelik rustig tot Maart 1901 toe hy bekend geword het vir sy deel in die verowering van 9 gewere en 150 krygsgevangene by Hartebeesfontein. Fred het hom hier onderskei deur twee vyande dood te skiet en 'n kanon te verower. Hy was toe bevorder na korporaal.

Met die terugkeer van die "Rough Riders" na Nieu-Seeland einde Mei 1901, was hul toegelaat om een 18 pond kanon saam te vat. Fred het egter besluit om aan te bly en hy is bevorder na Sersant.

Time Gentleman – Tom Watson

'n Week of wat later, terwyl hul 'n boerekamp by Klipfontein wou oorneem, is Fred doodgeskiet. Die koeël wat sy geweerkolf getref het is dwarsdeur die kolf en het sy bors deurdring. Hy is daar by die plaashuis begrawe. In 1960 is die grafte opgegrawe en herbegraaf in Ermelo begraafplaas, maar sy graf is nie weer geïdentifiseer nie.

Generaal C. R. de Wet, seker een van die bekendste boere-generaals tydens die Anglo Boere-oorlog, se monument staan voor die Raadsaal in Bloemfontein. Hy was ook in 1896 op die plaas Rooipoort in Heilbron-distrik woonagtig. Hy was in 1889 Vrystaatse Volksraadslid tot 1898.

In 1899 het hy sy bekende Arabier perd, Fleur, bekom en met die uitbreek van die Anglo Boere-oorlog as gewone soldaat onder kommandant Lukas Steenkamp geveg. Met Komdt. Steenkamp se siekte is hy as waarnemede Kommandant aangestel.

Die res is 'n bekende verhaal van al sy wedervarings tydens die oorlog, asook sy rol as minister van landbou tydens die Oranje Vrystaat Kolonie. In 1910 het hy uitgetree en op sy plaas Allanvale, in Memel distrik gaan woon. Hy het later jare op Klipfontein, Dewetsdorp distrik gaan boer waar hy op 23 Februarie 1922 oorlede is en aan voet van die Vrouemonument ter ruste gelê is.

Wat myns insiens nou 'n klip in my skoen is en nie mooi die kloutjie by die oor kan bring nie – in Nieu-Seeland word Fred Wylie vereer en met rus gelaat vir sy deel in die Anglo Boere-oorlog, maar nou wil daar met Generaal de Wet se standbeeld in Bloemfontein gepeuter word. Beide manne was betrokke in die Boere-oorlog met Engeland as die middelman. Hulle en die boere-oorlog het absoluut niks te doen met die sogenaamde rassisme nie.

Net vir verdere inligting – die swart bevolking van Suid-Afrika was ook in konsentrasiekampe aangehou deur die Engelse regering. Daar is ook baie swart manne, vroue en kinders daar oorlede. Net soos die boere-bevolking onder die Engelse "gemartel" is! Selfs hier op Heilbron was daar kampe!

Daar is mos 'n toekoms in Suid-Afrika, kom ons werk daaraan en krap nie om elke hoek en draai 'n rassisme spook uit nie! Onthou verseker – God regeer en God is liefde! So kan ons in die land vir almal 'n toekoms skep!

WILLIE VERMAAK OORLEDE

Oud-burgermeester en bevelvoerder oorlede

Willie Vermaak is geken vir sy besonderse eienskap as gemeenskapsmens en militaris. Hy is op Dinsdag, 22 September aan 'n hartaanval oorlede op die ouderdom van 77 jaar. Willie en sy eggenote Amanda het die besigheid Noord Vrystaat Makelaars in 1972 op Heilbron begin. Dit sal later bekend staan as Admin Fokus. Hy was lief vir die dorp en sy mense en is in 1981 tot Burgermeester van Heilbron verkies. Latere jare het hy in die rang van luitenant-kolonel vir verskeie jare as Bevelvoerder van Heilbron Kommando gedien. Na sy aftrede in 2009 verhuis hy na die Vaaldriehoek. Tot en met sy afsterwe, was Willie 'n toegewyde jagter en aktiewe lid van sy gemeenskap daar.
Hy laat na sy eggenote, Amanda, drie kinders en agt kleinkinders.

ROLBAL VIR ALMAL

Die afgelope Saterdag was rolbal weer goed ondersteun met 22 spelers op die baan, en met die gulhartige ondersteuning van Buffalo Valley Spur is daar elke Saterdag pryse om te wen.
Die afgelope Saterdag het Johan Greyling se span met DJ Steyn en Elza Kriel met die louere weggestap. Wat die wen vir hulle besonders maak, is dat Elza ongeveer 2 weke gelede begin speel het, maar sy toon reeds baie goeie potensiaal om uitstekende rolbal te speel.
Heilbron se rolbalbaan was deur die jare altyd beskou as een van die beste bane in die omgewing. Whity Joubert as baanbeampte spandeer tans baie tyd aan die baan om te verseker dat die baan in 'n uitstekende toestand bly.
Hannalie Claassen het besluit dit is tyd dat 'n besigiheidsliga aangebied moet word wat oor 'n periode van 4 weke gespeel sal word. Genoeg spanne het reeds ingeskryf en die eerste van 4 wedstryde sal op Dinsdag 13 Oktober afskop. Hou hierdie spasie dop, hier kom 'n ding!!
Heilbron Rolbalklub sal ook sy eerste borgdag van die nuwe seisoen op 7 November aanbied.

GHOLFERS GEE RUIM VIR KANSA

Sò lyk tevrede wenners tydens verlede Saterdag se Pioneer Kansadag op Heilbron. Elke speler het ook 'n breërand hoed gekry vir beskerming teen die sonbrand.

Die spel gholf is seker een van die gewildste mediums om geld in te samel en almal voel dat hulle iets uit dit terugkry vir dit wat jy uitgee. Saterdag was dit ook so dat daar meer as R 8000 ingesamel is vir Kansa toe die plaaslike Kansa Uitdaagtoernooi op Heilbron se baan aangebied is.
Die eerste drie spelers van elke afdeling dring nou deur na die Oos Vrystaat kompetisie later in Clarens of Bethlehem. Afdeling wenners soos volg:
A afdeling – André Theron 37, B afdeling – Niklaas van der Walt 37,
C afdeling – Kobus Weilbach 33 en dames afdeling – Christelle Adlem 34.
Daar is volgende naweek liga op Reitz en lyk die voorlopige Heilbron span soos volg: Julyan Bruyns, Abrie Watson, Ruan Mienie, Riaan Schutte, Gerrie Muller en Eben Stander. Hulle speel teen Harrismith wat tans voorloop.
Wonder nou die dag wie het die gholf pennetjie uitgedink. Die eerste houtpen-gholf pennetjie is uitgevind en gepatenteer deur dr. George Grant van Boston. Sy patent is op 12 Desember 1899 uitgereik en het die nommer 638 920 gekry. Dr Grant was nie net 'n gholfgenie nie, maar ook 'n tandarts en 'n professor aan die Harvard Universiteit in Cambridge, Massachusetts. Voor die uitvinding van dr. Grant se "peg tee", was dit klein hopies van modder of sand wat deur die speler of sy joggie gemaak is om die bal van die grond af te lig vir die eerste hou op elke putjie.
OK Foods en Total se jaarlikse gholfdag word op 24 Oktober beplan, inskrywings kan reeds gedoen word by die klub.
Môre is daar gewone spel vanaf 10:30 vir 11:00.

BLOEDSKENK DOELWIT

SANBS het laasweek Dinsdag, 22 September die Heilbron-gemeenskap genooi om bloed te skenk in die NG Kerk Suid-saal. Die doelwit was om 80 eenhede bloed in te samel vir die dag, maar slegs 61 eenhede is ingesamel. Aangesien die doelwit nie bereik is nie het hulle het weer na Heilbron gekom op die 29ste September met 'n mikpunt van 20 eenhede, waarvan daar 25 ingesamel is. 'n Totaal van 86 eenhede bloed is verkry in 'n week se tyd en die doelwit is bereik. Die behoefte vir bloed neem nie af nie en indien 'n doelwit nie bereik word nie sal die beskikbare voorraad uitgeput raak. Skenk bloed. Jou bloed red lewens. Besoek die naaste bloedbank indien jy nog jou deel wil doen.

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 6 OKTOBER 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

WOENSDAG - 7 OKTOBER 2020

VILJOENSKROON: NIEKERKSRUST SAVM
20 Top SAVM skape
11:00, Niekerksrust, Viljoenskroon
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

DONDERDAG - 8 OKTOBER 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

PARYS: DKN BRAHMANE & VRIENDE
& DOMAIN BONSMARAS
Top beeste
11:00, Afridome, Parys
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

VRYDAG - 9 OKTOBER 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

SATERDAG - 10 OKTOBER 2020

POTCHEFSTROOM: RUSWATER DORMERS
& KALKVLEY DORMERS
Top Dormers
11:00, Potchefstroom veilingskrale
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

BKB LOUWID

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za